RAPPORT, Rondrits
Sunday, 25 July 2010, p. 4

Altesaam 15 000 toeriste uit Mexiko het Suid-Afrika tydens die toernooi besoek | FOTO: LUCKY NXUMALO

Die Colombiaanse sangeres Shakira, wat die toernooi se amptelike lied, Waka Waka, gesing het, met Jabulani, die amptelike wedstrydbal | FOTO: LEON SADIKI

Suid-Afrikaners moet die land visualiseer waarna hulle streef, sê dr. Adrian Saville, beleggingshoof van Cannon Asset Management | FOTO: LUCKY NXUMALO



Met stadions soos Soccer City in Johannesburg het Suid-Afrika bewys hy het die vermoë om 'n wêreldklas-toernooi aan te bied | FOTO: LEFTY SHIVAMBU

Suid-Afrika ry die kruin ná WB2010, maar moet perspektief behou'

Christo Crous

'Suid-Afrika is die wenner." Dít was die woorde van dr. Adrian Saville, beleggingshoof van Cannon Asset Management en besoekende professor van ekonomie en finansies aan die Gordon Institute of Science (Gibs) van die Universiteit van Pretoria (UP).

Dr. Saville het onlangs tydens 'n ontbyt by die Inanda-buiteklub in Sandton, Johannesburg, gepraat oor die pad vorentoe ná die land se suksesvolle aanbieding van die Wêreldbeker-sokkertoernooi. En hoewel nóg Bafana Bafana nóg enige van die ander deelnemende lande in Afrika daarin kon slaag om die beker op die vasteland te hou, het Suid-Afrika as gasheer bewys dat hy die nodige infrastruktuur, telekommunikasiestelsels, moderne lughawens en paaie het om 'n toernooi van dié omvang met welslae aan te bied.

Sowat 'n jaar voor die aanvang van die toernooi en weens enkele voorvalle van geweld, sosiale onrus en misdaad, asook talle gerugte van tereur en mensehandel, moes Amerika en Australië gereed staan om oor te neem indien Suid-Afrika nie die mas sou opkom nie.

Maar om 'n goeie voorspelling te maak, is moeilik en die sukses waarmee die toernooi aangebied is, is weer 'n bewys dat voorspellings nie altyd waar word nie.

Onder die vele positiewe elemente wat uit die toernooi voortgespruit het, is onder meer die sowat 66 000 werksgeleenthede wat geskep is, asook die talle vaardighede wat op volhoubare vlak ontwikkel en bevorder is.

Voor die Gautrein in diens gestel is, is byvoorbeeld begroot vir 130 000 passasiers per maand. In die eerste maand het altesaam 400 000 passasiers die sneltrein diens gebruik – 'n bewys dat voorspellings ook ten goede verkeerd kan wees.

Op die kort termyn sal die invloed wat die besoekersgetal op die kleinhandel gehad het, eers oor sowat drie maande duidelik wees wanneer amptelike syfers bekend gestel word, terwyl die ware wins op die lang termyn waarskynlik eers oor 10 tot 15 jaar sigbaar sal word.

Ter stawing van die geweldige invloed wat die toernooi op besoekers uit die buiteland gehad het, het Saville Mexiko as voorbeeld gebruik.

Op enige gegewe tyd is daar slegs sowat 300 besoekers uit dié land in Suid-Afrika, terwyl altesaam 15 000 toeriste uit dié streek Suid-Afrika tydens die toernooi besoek het. Dit is 'n reuse-toename in besoekers en slegs een voorbeeld uit tientalle lande wat aan die toernooi deelgeneem het.

Boonop het die Spark Cash-indeks, wat die gemiddelde kontantonttrekking in rand met Visa-kaarte aandui, 'n styging van meer as 60% in die ooreenstemmende tyd verlede jaar getoon – 'n verdere aanduiding van hoër as verwagte toeristesyfers.

Nietemin was daar kritiek dat die miljoene rande wat bestee is om 'n enkele sportgebeurtenis aan te bied, eerder vir skole, hospitale en opleidingsgeriewe as stadions aangewend kon word. Daarby moes vinnig opgetree word om so spoedig moontlik 'n oplossing vir die sekuriteitstaking te vind, terwyl Transnet ook met stakings gedreig het. Oop sitplekke tydens wedstryde het by tye die oë laat rek en die elektroniese kaartjiestelsel kon nie die druk hanteer nie. Die prys van kos en drank het plek-plek die hoogte ingeskiet en om alles te kroon het die bottelnek by die nuwe King Shaka-internasionale lughawe buite Durban ook 'n stok in die wiel gesteek.

Maar al dié gebeure is grootliks verdwerg deur die positiewe elemente. Hoewel Suid-Afrika sowat twee jaar gebuk gegaan onder die ergste xenofobiese aanvalle tot nog toe en soortgelyke voorvalle weer plek-plek kop uitsteek, het die land en besoekers uit buurlande saamgestaan en oorweldigende steun vir Ghana getoon om die beker op die vasteland te hou.

Die kersie op die feeskoek was die nege uit 10 wat Fifa aan Suid-Afrika toegeken het vir sy aanbieding van die toernooi – vir seker meer as wat baie mense aanvanklik verwag het.

Voorts het 'n geraamde 700 miljoen kykers die sluitingseremonie op televisie gevolg – meer as die syfer vir die openingseremonie van die Olimpiese Spele in Beijing in 2008.

Die positiewe beriggewing en terugvoer van besoekers het verder bygedra om ons sosiale opset stewig op die pad van herstel te plaas.

Maar om hierdie proses deur te voer, kos meer as net om 'n toernooi aan te bied.

Volgens Saville moet ons kan sien wat is moontlik ten einde permanente verandering teweeg te bring, want soms kyk ons so vas in wat ons wil hê, dat ons die vanselfsprekende geleenthede miskyk.

Daarom moet ons die land kan visualiseer waarna ons streef. Maar om daar uit te kom, lê nie net in wat ons sien nie, maar in die keuses wat ons maak.

"Tog moet ons erken dat ons steeds 'n samelewing is wat nie heeltemal gesond is nie, maar beslis gesonder as wat ons was," sê Saville.

Volgens Saville is daar drie soorte mense wat na gebeure soos die pas afgelope Wêreldbeker-toernooi kyk. Eerstens is daar die teenstanders wat voel dat alles 'n mors van geld was en dat strukture uiteindelik wit olifante gaan word.

Tweedens is daar die sinici. Hulle is meer vergewensgesind en reken hoewel die toernooi 'n goeie ervaring was, behoort ons veel meer te doen.

Die res van ons voel dit was 'n oorweldigende, wonderlike ervaring, ondanks enkele terugslae. Dit is hierdie groep wat die siening bevestig dat Suid-Afrika baie meer voor- as nadele het en ook gewillig is om op te tree volgens wat hulle sien.

Nietemin moet Suid-Afrika nou nuwe doelwitte stel en 'n duidelike visie hê sodat ons nie soos Griekeland die golf ry tot dit laaggety is en ons onsself op droë grond bevind nie.

Want hoe ongelooflik dit ook al mag klink, is die werklikheid dat hoewel daardie land in 2004 die Olimpiese Spele met groot sukses aangebied en toe die wêreld op sy voete gehad het, is hy ses jaar later finansieel op sy knieë.